kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Luister vir die Here? Oor gebooie en bevele

Skriflesing: Psalm 19

"We need people in our lives with whom we can be as open as possible. To have real conversations with people may seem like such a simple, obvious suggestion, but it involves courage and risk."
— Thomas Moore, Care of the Soul: A Guide for Cultivating Depth and Sacredness in Everyday Life

Broodjies vir die pad

"The light of revelation does not descend on us perpendicularly from above; it comes through worldly media by the power of God's Spirit, who enlists our participation in the process of responsible interpretation and critical appropriation."
— Daniel L. Migliore, Faith Seeking Understanding: An Introduction to Christian Theology

Verweefdheid van die mens, tuin en sterstof

Wilhelm Jordaan

Toe ek Sondagoggend wakker word, begroet my vrou my met: "Ek wens jou 'n aangename Tuindag toe". En die ganse dag dink ek net "Tuin", want die voorskrif vir Internasionale Tuindag is geen spit, plant, snoei of natmaak nie. Net suiwer sintuiglike genieting.

Dit doen ons toe in ons eiesoortige "English country garden", of wat Koos Kombuis " 'n regte boeretuintjie" noem.

In ons aftreeplekkie het ons lappie grond 'n klein Namakwaland geword. Ook hier, dink ek, het bietjies-bietjies uit " 'n sakkie van die Heer se beste saad per ongeluk gelek".

Waarom tuinmaak? Is dit 'n bietjie mistiek? Soos A.G. Visser dit beduie in "Rosa Rosarum": "Kom na my tuin waar die donkerrooi rose /Duist're geheime vertrou aan die nag; . . . / Kom in die soel someraande en luister /– Wanneer die nagwind hul drome verklaar – / Na die veelvuldige blommegefluister . . ."

Dalk is dít wat die Duitse digter Friedrich Hölderlin bedoel het: "Die welluidende gesuis / van die bome in die bos was my skool / en van die liefde het ek / tussen die blomme geleer." Meer prakties word gesê tuine is nodig vir jou estetiese sin. Daarsonder verlep jy. Boonop is tuine 'n "groen wins" vir die suurstofkringloop. Ander reken 'n tuin is 'n bate vir jou huis se waarde. Landskapargitekte en beroepstuiniers word dan gehuur vir die spoggerigste tuin in die buurt.

Tuinmaak kom in minstens twee gedaantes. Enersyds diegene wat van nuuts af met 'n vaste plan en duidelike visie 'n tuin in 'n gegewe landskap skep. Soos om 'n Japanse tuin in 'n Suid-Afrikaanse voorstad aan te lê, of om net plante en blomme in potte te hê as jou tyd, plek en water beperk is.

Andersyds diegene wat eers met die landskap waar hulle woon, saamleef en algaande die natuurlike eienskappe aanvul of vervolmaak om as't ware 'n ontvouende ekologiese ruimte waarin mens en natuur ineengerank is, voort te bring. Sommige sê sulke tuine is deurmekaar, sonder presisie en orde.

Daar is ook verskillende tuinmakers. Soos ek dit op eie werf beleef. Daar is tuinwerkers, soos ek. Grawe gate, maak akkers, plant en maak nat. Sit ook graag laatmiddae in die tuin en drink 'n drankie saam met my vrou. En bewonder die tuin. Dan die ware tuiniers, soos my vrou.

Hulle weet tot in die murg tuin en mens is diep verweef met die ontplooiende heelal en die sterstof waaruit alles kom. Ek hou dié vrou fyn dop. Hoe raak haar hande vat, hoe sag sy blomme aanraak en soms prewel as sy snoei en knip, of met argelose handgebaar geoeste saadjies oral strooi. Ek reken sy bid ook nog. Vir alles.

Daarom wil ek glo tuinmaak berei jou voor vir eenwording met die aarde – vir die terugkeer tot stof wanneer jou leefbeurt verby is. Want, soos die Mexikaanse digter Octavio Paz sê, 'n tuin is nie 'n plek nie, net 'n deurgang. Waarheen weet ons nie, maar om deur die tuin te gaan, is genoeg. Om dit te doen is om vir altyd te bly.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/verweefdheid-van-die-mens-tuin-en-sterstof-20181024

"Christians today, no less than people of other faiths, are caught between pervasive apathy and acts of violence, apathy born of hopelessness about the enormity of the evils

that confront us and recourse to violence and coercion that seriously compromises or even destroys the goals of a better future. Either way, we can close off the future to which we are directed by God our creator and redeemer."
— Daniel L. Migliore, Faith Seeking Understanding: An Introduction to Christian Theology

"As the poets and painters of centuries have tried to tell us, art is not about the expression of talent or the making of pretty things. It is about the preservation and containment of soul. It is about arresting life and making it available for contemplation. Art captures the eternal in the everyday, and it is the eternal that feeds soul the whole world in a grain of sand. Leonardo"
— Thomas Moore, Care of the Soul: Guide for Cultivating Depth and Sacredness in Everyday Life

"God is not only the God of the sufferers but the God who suffers. ... It is said of God that no one can behold his face and live. I always thought this meant that no one could see his splendor and live. A friend said perhaps it meant that no one could see his sorrow and live. Or perhaps his sorrow is splendor. ... Instead of explaining our suffering God shares it."
— Nicholas Wolterstorff, Lament for a Son

"But we all suffer. For we all prize and love; and in this present existence of ours, prizing and loving yield suffering. Love in our world is suffering love. Some do not suffer much, though, for they do not love much. Suffering is for the loving. This, said Jesus, is the command of the Holy One: "You shall love your neighbor as yourself." In commanding us to love, God invites us to suffer."
— Nicholas Wolterstorff, Lament for a Son

"I am at an impasse, and you, O God, have brought me here...From my earliest days, I have believed in you. I shared in the life of your people: in their prayers, in their work, in their songs...For me your yoke was easy. On me your presence smiled. Noon has darkened...And where are you in this darkness?...Or is it not your absence in which I dwell but your elusive troubling presence?"
— Nicholas Wolterstorff

"Spirituality is seeded, germinates, sprouts and blossoms in the mundane. It is to be found and nurtured in the smallest of daily activities."
— Thomas Moore, Care of the Soul: Guide for Cultivating Depth and Sacredness in Everyday Life

"Socrates and Jesus, two teachers of virtue and love, were executed because of the unsettling, threatening power of their souls, which was revealed in their personal lives and in their words."
— Thomas Moore, Care of the Soul: A Guide for Cultivating Depth and Sacredness in Everyday Life

Brood vir die pad

Dis of 'n 'mall' mense dieselfde dinge laat doen

Dana Snyman

Ons *mall* is 'n mooi *mall*. Soms vlug ek soontoe.

Ek sal sommer net na boeke in Bargain Books gaan kyk, en dalk een koop wat ek nooit sal lees nie. Of ek sal 'n nuwe skootrekenaar in Incredible Connection gaan begeer.

Soms gaan loer ek deur CUM-boeke se venster en dink: Al die boeke hier binne is eintlik dieselfde boek.

Ander kere gaan sit ek in die Spur of die Food Lover's Market, eet iets en kyk na almal en alles rondom my. Dit is asof 'n *mall* mense dieselfde dinge laat doen.

Die bestuurder van die Spur – in enige *mall* – dra graag 'n bos sleutels aan 'n silwer ringetjie aan sy belt. En in die Food Lover's Market, weer, is altyd 'n kelnerin wat haar naels swart verf, en die meisies in die haarboetiek dra ringe aan die duim.

Op die vrou by die reisagentskap se voorkop rus 'n donkerbril, asof sy paraat moet wees om op kort kennisgewing vir 'n baie belangrike toerisme-ekspo Maldive toe te vlieg. Dikwels is een van die meisies in die Vodashop swanger.

In 'n *mall* kan jy tussen mense wees sonder dat dit nodig is om met hulle te praat. Jy hoef na niemand se gesprekke te luister nie.

In ons *mall* sien jy meer vroue as mans. In die meeste winkels is die bestuurder 'n vrou. Die helpers agter die toonbank is vroue, die skoonmakers is vroue. Die meeste kopers is vroue.

Jy sien min dat 'n vrou op 'n houtbankie in die loopgang tussen die winkels sit. Daar sit meestal mans, dikwels omring deur sakke vol inkopies en goed.

Soms sien jy paartjies, 'n jong man en 'n meisie. Hand aan hand sal hulle daar voor die juwelierswinkel se venster staan.

Byna altyd is dit die meisie wat na iets in die venster sal beduie terwyl die jong man net staan en knik.

Gereeld sien jy ook 'n ma en haar dogter saam in ons *mall*. En dan dink jy: Hulle bestee nou kwaliteit-tyd saam.

Elke keer as ek in Shoprite in ons *mall* kom, wonder ek of Whitey Basson, die gewese baas van Shoprite, al daar was en met iemand geraas het omdat die tamaties te groen of te ryp is.

Dit is altyd vir my vreemd wanneer ek by Food Lover's Market kom en die kelner vra: "Wil u binne sit, Meneer? Of buite?" Ek verkies dit om altyd buite te sit, hoewel dit nie regtig buite is nie – die tafeltjies is in die loopgang voor die Food Lover's Market, onderdak.

In ons *mall* is dit altyd mooi weer en matig. In ons *mall* was nog nooit 'n gewapende rooftog nie. Jy sien ook nie juis ellendige, siek mense en bedelaars nie.

In ons *mall* is dit elke dag dieselfde dag: Op 'n Maandag of Woensdag lyk mense dieselfde en doen hulle dieselfde dinge as op 'n Sondag.

Soms gaan ek na ons *mall* toe sonder dat ek regtig iets daar nodig het. Tog sê ek dikwels vir mense: Ek haat 'n *mall*.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/dis-of-n-mall-mense-dieselfde-dinge-laat-doen-20181018

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877